

Hoofstuk van die dag: 1 Korintiërs 15

> *As ons net vir hierdie lewe ons hoop op Christus vestig, is ons die bejammerenswaardigste van alle mense. (1 Kor 15:19)*

Hoe bepaal jy of daar nog lewe in die kerk is? Aan hoeveel mense Sondae kerk toe kom? Die grootte van die dankoffers? Die

liefde onderling? As jy liefde sien, as die gemeente uitreik na die wêreld wat verlore gaan of in nood is, kan jy sê daar is lewe (vgl Op 3:1ev)? Want die lewe van ’n gemeente lê nie in haarself nie. Dit lê in die Koning van die kerk, Jesus Christus. Die toets, sê Paulus, lê in die vraag of *Jesus* daar lewe; of Hý in die hart van die gemeente is en die gemeente Hom dien as die opgestane Here.
Dit was die fout wat die mense in Korinte gemaak het. Daar was lidmate wat allerhande emosionele belewenisse gehad het, charismatiese gawes besit het, in tale gespreek het, in geestesvervoering geraak het – en gedink het dit beteken hulle is ’n lewende kerk. Maar Paulus sê nee. Die toets is: lewe Jesus of is Hy nog in die graf (vers 19)? Ken en dien jy Hom as die lewende, opgestane Here, of is Hy maar net ’n historiese persoon van wie ons in die Bybel lees?

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026